

STROOM

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

TWEEDE UITGAWE 2022



Wintersport bult spiere

bl. 10

Sewe Affies in Cravenweekspan

bl. 7

Foto: Billy Brown

SPORT

bl. 10



Foto: Siegfried Schubert

Die hokkiespanne het die afgelope kwartaal nie net die land vol gereis nie, maar ook op die Affieplaas hul man gestaan. Die laaste wedstryde voor die vakansie was teen Hoërskool Menlopark en die Witstokke het teen die buurskool geseëvier. Op die foto is Louw du Preez in aksie.

KULTUUR

bl. 6



Die Rooidasse is in Mei as die algehele winners van die Pretoria Eisteddfod sowel as kategoriewenners (seunskore-afdeling) aangewys. Hulle het 'n A++ van die beoordelaars gekry. Die koor het op hul prestasie voortgebou en na die finaal van die ATKV-kompetisie deurgedring wat einde Julie in Pretoria plaasgevind het.

AKADEMIE

bl. 4



Duur vliegkaartjies hoef nie meer 'n probleem te wees nie, want in 'n Affie-geografieklass kon die graad 10's onlangs op verre, verre reise gaan en wonderlike avonture beleef. Awie Brits verstom hom hier aan 'n vulkaan... of dalk stap hy deur die oerwoud in die Amasone?

Redaksioneel

Henko Brits

Soos 'n Augustus-wind het die tweede kwartaal van hierdie jaar sterk teen 'n massiewe spoed by ons verbygewaai. Elke oomblik wat verby is, is een wat deur die seuns gekoester en waardeur is. Daar was gees, wenne, verlore, toernooie, musiekklanke wat die lug vul, koorstemme wat presies op die noot bly en ook debatteerders en redenaars wat hul opinies oor sekere sake lug. En wat sal kwartaal twee dan wees sonder 'n vierweeklange Junie-eksamen? Hiërdie kwartaal het iets van áls gehad.

Net soos die winterdae verbygekuip en al hoe korter geword het, so vlieg die dae tussen die rooibaksteenmure verby. Die matrieks van 2022 is amper aan die einde van hul skoolloopbaan. Met omtrent nog 40 skooldae wat voorlê, is hul dae op die rooi stoepe eintlik getel. Maak die meeste van die laaste paar oomblikke tussen jou broers en wees

dankbaar vir elke geleentheid wat na jou kant toe kom.

Aan die einde van 'n besige tweede kwartaal, was daar darem 'n blaaskans vir die leerlinge en die onderwysers – 'n tyd om te rus en 'n tyd om nuwe energie op te bou. Die derde hoofstuk van die 2022-sprokiesverhaal begin nou en is dalk die belangrikste. Dit is die hoofstuk waarin daar hersiening gedoen en die laaste nuwe werk onder die knie gekry moet word. Dan is daar ook nog twee derbies wat wag en die somersportseisoen wat weer begin!

Aangesien die sonstilstand reeds plaasgevind het, kan dit slegs beter gaan van hier af. Die dae word langer en warmer wat beteken dat méér herinneringe geskep kan word. Kom ons pak hierdie tweede helfte van 2022 met mening aan en maak seker dat elke klein kans met albei hande aangegryp word.



REDAKSIE

Henko Brits (redakteur), Janco Botes (adjunk-redakteur: Akademie), Heinrich Immelman (adjunkredakteur: Sport), Marco Arndt (adjunkredakteur: Kultuur), Clayton Booysen, Zander Leeb, Deon Spies, Andru van Zyl, Adriaan Nel en Altus Weiman

HOOF SE VERJAARS-DAG SING-SING GEVIER

Ons hoof het op 20 Mei 48 jaar oud geword en die seuns het hom in die saal verras met 'n kringlied wat mnr. AJ Maree hulle in die geheim laat oefen het.

Die personeel het later ook geleentheid gehad om hom in die mediasentrum geluk te wens met heerlike eetgoed en 'n sangitem deur die A-minere.




Nasionale kleure vir knap sportmanne

Nie minder nie as vier Affie-matrieks het die afgelope vakansie nasionale kleure in amptelike skoolsportsoorte verwerf.

Stéhan Heymans (links bo) is in die SA Skolespan ingesluit. Hy was ook kaptein van die Blou Bulle Cravenweekspan. Hanro Venter (regs bo) is op sy beurt vir die SA Skole A-span gekies. Dié twee spanne het in die voorwedstryd van die Springbokke se toets teen Wallis in die Kaapstad Stadion kragte gemeet. Die SA Skole-span wen die wedstryd met 57-27.



Wiandré van Deventer (links onder) het Protea-kleure vir Jukskei ontvang. Hy was ook kaptein van die o/18-manspan wat gedurende die vakansie 'n toets teen Namibië gespeel het.



Jordan Boshoff (regs onder) is in die Junior Bergfietsryspan van Cycling South Africa se nasionale span ingesluit. Die span reis in Augustus na Frankryk om aan die UCI Wêreldkampioenskap deel te neem.



PERSONEEL BEDERF MET FRANK OPPERMAN-VERTONING

Om die ergste winterkoue te verdryf, kon die personeel vroeg in Junie in die skoolsaal na Frank Opperman se eenmanvertoning, "Steeds Donkie", kyk. Ná dié lekker lag (met 'n traan) kon almal hul nasienwerk en toesig

ook met nuwe ywer aanpak. Me. Annette Taljaard (menslike hulpbronbestuurder) het die vertoning reeds in 2020 gereël, maar die planne moes weens Covid-19 tot vanjaar uitgestel word.



Totsiens ná byna twee dekades!

Me. Paulina Mohlamonyane het die einde van Junie ná 19 jaar by Affies afgetree. Sy het die seuns in die saal toegesprek en het ná haar mooi boodskap 'n staande ovasie gekry. Me. Mohlamonyane het gesê dat die seuns haar trots gemaak het om by Affies te werk. Sy het hulle ook aangemoedig om vir hul ouers (veral hul ma's en oumas) te luister en om áltyd hard te werk.




'n Tweede Hertzogprys vir oud-Affie-skrywer

Janco Botes

SJ (Fanie) Naudé (matriek 1988) se tweede bundel kortverhale, *Dol heuning*, is die wenner van die gesogte Hertzogprys vir Prosa asook die 2022 UJ-prys! Hy het ook in 2019 die Hertzogprys verower met sy boek, *Die Laaste Spoel*.

Dié prys is die vernaamste prestigieprys in die Afrikaanse letterkundewêreld en is genoem na die groot kampvegter vir Afrikaans, genl. J.B.M. Hertzog. Dit word toegeken deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns se letterkundekommissie.



Fanie Naudé op sy Graad 10-foto

Hoekom het jy besluit om 'n loopbaan in die buiteland op te gee om voltyds te skryf?

Ek wou eintlik nog maar altyd skryf.

Hoewel ek 'n regsloopbaan in New York en Londen gehad het, het die begeerte om te skryf al sterker geword en het ek eindelijk teruggekeer

Suid-Afrika toe om voltyds te skryf. Omdat ek nie anders kón nie. Dit spyt my teen hierdie agtergrond om te sê dat ek nie skryf as loopbaan kan aanbeveel nie. Met die uitsondering van 'n paar internasionale skrywers, maak 'n mens helaas nie juis 'n lewe daaruit nie. Maar ek wil jong aspirerende skrywers tog aanmoedig: as die drang om te skryf of te dig belangrik is vir jou siel, moet dit nie laat vaar nie. Hou die vlam lewendig. Altyd.

Hou vol, al dink heelwat mense rondom jou rugby is die belangrikste ding op aarde.

Voel jy dat jou regsloopbaan 'n invloed op jou skryfwerk gehad het?

Nie juis nie, nee. Dit help my, dink ek, om taal akkuraat te gebruik. En om gedissiplineerd te werk. Maar die verskille tussen die twee aktiwiteite is ook groot.

Die feit dat jy in Afrikaans skryf, wys dat jy waarskynlik glo in die

toekoms van die taal. is dit so?

Ek is bekommerd oor die toekoms van die taal, veral noudat dit snel uitgefaseer word as 'n universiteits- of akademiese taal. Maar dis die taal waarin ek skryf, al kan ek ook in Engels skryf. Dis die taal van 'n mens se ma, van 'n mens se gebeente. Ek kan nie anders nie.

In watter stadium is jou belangstelling in skryfwerk geprikkel?

Ek stel van baie vroeg af in lees en skryf belang – vandat ek kan onthou. Dit het gehelp om in 'n huis groot te word waar goeie en akkurate taalgebruik saakgemaak het (in Afrikaans en Engels), en lees aangemoedig is. 'n Mens moet heelwat lees as 'n mens wil skryf.

Het jou hoërskoolloopbaan inslag gevind in die koers wat jy uiteindelik ingeslaan het?

Ja, tog. In my Afrikaansklas by Dirk Taljard, wat 'n groot entoesias en liefhebber is van boeke, was letterkunde en goeie skryfwerk belangrik. Daar was selfs 'n buitemuurse kultuur- en letterkundeklub. Die voorliefdes wat 'n mens op skool kweek, is belangrik, en selfs 'n klein bietjie aansporing of ondersteuning in 'n mens se natuurlike belangstellingsveld kan 'n groot verskil maak – wat nie altyd die geval is wanneer jou belangstellings nie inpas by die obsessie met sport

wat heers in Suid-Afrikaanse skole nie.

Dink jy iemand kan geleer word om 'n skrywer te wees, of is dit bloot 'n ingebore talent?

Ek dink jy kan leer om beter te skryf, en vinniger jou eie foute raak te sien en af te leer, maar die wil en talent om te skryf moet daar wees van die begin af.

Noem vir ons 'n paar van jou gunstelingboeke waarby die seuns dalk kan aanklank vind.

In Afrikaans sou ek enigtiens van Marlene van Niekerk, Karel Schoeman of Ingrid Winterbach aanbeveel.

In Engels skrywers soos Colm Toibin, Raymond Carver of ons eie Damon Galgut of JM Coetzee. Begin dalk met Galgut; sy boeke *In a Strange Room* en *The Promise* is goeie letterkunde wat maklik leesbaar is.

Het jy enige goeie herinneringe aan Affies?

Ek het, soos die meeste mense, gemengde herinneringe aan my skoolloopbaan. Affies was in etlike opsigte 'n goeie plek vir my. Ek was wel daar in 'n fase toe Suid-Afrika nie die mees verdraagsame plek op aarde was nie. Ek is seker (of hoop) dit is tans 'n plek waar leerders wat nie aan outydse norme voldoen nie, ook altyd welkom, ingesluit en gerespekteerd voel.



Só beskryf die UJ-prys beoordelaars die verhale in *Dol heuning*

'Hoewel elke sin, elke paragraaf van die uiterste strukturele beheer getuig, beteken dit nie dat die taalgebruik koud en klinies is nie. Die prosa in *Dol heuning* is liries, soepel en by tye poëties; met elke kortverhaal wat voorsien is

van sy eie delikate, tóg leefbare atmosfeer. Met verrassende verhaalkendings en veelvoudige betekenis-moontlikhede ontroer Naudé die leser. Deur sy genuanseerde verkenning van 'n wye spektrum emosies bied

hy uiteindelik troos vir die onherbergsaamheid van vandag se wêreld, wat deurgaans in die bundel na vore kom. Elkeen van die verhale is kompleks, subtiel en gesofistikeerd en getuig van Naudé se meesterlike vakmanskap en taalgebruik.'

Hoeksteen vir nuwe klaskamers gelê



Foto: Mia Slabbert

Die hoeksteen van die nuwe 14-klaskamerkompleks is 27 Mei deur mnr. Peregrine Joynt (hoof) en mnr. Ettienne Strydom (beheerliggaamvoorsitter) gelê.

Die geleentheid is deur lede van die beheerliggaam, verteenwoordigers van die Affie 100 Fonds Trust, die Oud-Affiebond, die argitek, Engela White (foto bo), en lede van die konstruksiespan bygewoon.



Amper-Affies besoek die Plaas

Adriaan Nel

Op 13 April het sowat 700 nuuskierige toekomstige Affies by AHS se opedag 'n draai kom maak. Die opgewonde leerders is deur Affie-toerleiers na verskeie punte op die skoolterrein geneem – van die Gert Potgietersaal tot by die jukskeiputte. By elke punt is daar 'n bietjie meer vertel van die ryk geskiedenis van ons trotse skool, asook toekomstige

ontwikkelings. Ná die toere het die gaste die geleentheid gehad om na die hoof te luister, wat sekerlik die pendulum finaal na die Affie-kraal laat swaai het. Volgens mee. Ronél van der Westhuizen en Christelle Kurten het die skool kort na die opedag reeds heelwat meer inskrywings as verlede jaar gehad – 'n finale aanduiding dat dié dag 'n groot sukses was.



Divan Fourie en Johnlee Rudman (graad 8) by die helderkleurige opedagborde wat hulle om die skool opgesit het.



Die Innovasie- en Tegnologiestalletjie het vanjaar veral groot aftrek gekry. Die voorname graad 8's is bekendgestel aan robotika, 3D-drukkers, Arduino-stelsels, 3D-penne, hommeluie en Oculus-3D-kopstukke. Die Affies wat by die tafel diens gedoen het, moes bontstaan om al die besoekers se vrae te antwoord.

Twee Affies vir “uitruil” na Duitsland

Janco Botes (graad 12) en Darren Minders (graad 11) is twee van die 35 leerders uit Suid-Afrika wat gekeur is om deel te wees van 'n uitruilprogram in Duitsland. Janco het in Mettlach by die familie Von Boch op hulle landgoed tuisgegaan en het vir twee weke saam met die nabygeleë skool se graad 11's skoolgegaan. “Weens Duitsland se federale regeringstelsel verskil die onderwysstelsel tussen die Bundesländer (provinsies). In die meeste Bundesländer hou jou skoolloopbaan aan tot in graad 13, maar in Saarland, waar ek tuisgegaan het, is daar soos by ons in Suid-Afrika net 12 skooljare. Omdat die akademiese jaar in Europa van September tot Julie strek,



het ek die voorreg gehad om my “gasbroer”, Adrian (17), se Abitur (matriek) saam met hom vier,” vertel Janco.

“In Duitsland dra niemand natuurlik skoolklere nie en hoërskool is van graad 5 tot tot 12. Die klasse is aansienlik kleiner met sowat twintig leerders per klas.

“Vir my was die grootste verskil tussen Duitsland en Suid-Afrika die veiligheid en betroubare publieke vervoer, wat 'n enorme gevoel van vryheid skep omdat almal, oud en jonk, enige tyd en sonder bekommernis by enige plek kan uitkom. Niks is omhein nie. Vryheid en veiligheid strek só ver dat kinders nie in die skool hoef te bly wanneer hulle toesig het nie, maar na die middestad toe gaan en koffie drink.

“Ek het wel in die tyd daar weer besef wat die waarde van 'n moedertaal is,” sê Janco. “Ek moes baie hard konsentreer om die gesprek te volg wanneer mense in 'n groot geselskap vinnig praat. In jou eie taal is dit iets waarvoor jy nie eens hoef te dink nie – dit gebeur vanself.” Die Duitsers is baie ernstig oor die behoud van Duits en praat feitlik nooit Engels nie. Hulle is dikwels ook minstens vier tale magtig – Duits, Engels, Frans en Spaans. Darren het op sý beurt by 'n gesin in Würtemberg tuisgegaan. Hy het glad nie in Duitsland skoolgegaan nie, omdat al die kinders van sy gasgesin reeds studente is. “Vir my was die verhoudings wat ek daar opgebou het, die heel belangrikste van die besoek aan Duitsland! Ek is baie naby aan my gassuster en -ma en het deur hulle lewenslange vriende gemaak!



Darren Minders (heel regs) saam met sy gasheerfamilie.



Janco se gasouers was die familie wat die Villeroy & Boch porseleinmaatskappy besit en hy het by hul op hul landgoed gebly. Op die foto bo is die uitsig van die agterdeur van die huis af. Die kerk (foto regs) op die landgoed is deur die Villeroy-familie uit Wallerfangen ('n dorpie op die Franse grens) afgebreek en weer herbou as “trougeskenk” aan die Von Bochs toe die families se beshede in 1836 saamgesmelt het.



Graad 9'S is verkoopsmanne van formaat

Marco Arndt

Die graad 9's kon weer die jaarlikse entrepreneursdag aanbied wat deel van hul sillabus vir EBW vorm. Daar word van elke groep verwag om as 'n besigheid te funksioneer en met 'n volledige aksieplan, begroting en bemakingstrategie vorendag te kom. Mnr. Peregrine Joynt, Feb du Toit en me. Erika Swanepoel het hulle toe op dié vrolike dag daarvoor punte gegee. Die graad 9's het hul goed van hul taak gekwyd om van die verlengde pouse 'n feestelike sukses te maak – vir die seuns sowel as vir die meisies wat oorgestap het om in die pret te deel.

Stalletjies van elke kleur en produkte van elke soort het die B- en C-velde volgestaan. Die

vrolike atmosfeer is versterk deur die reuk van verskeie braaivleisvure en daar was tot 'n radiostasie wat musiek verskaf het.

Hechter Ferreira in graad 9 verklap dat die hele idee aanvanklik vir hom vreesaanjaend was, maar dat die groepwerk interessant was. “Om iets saam met jou vriende aan te pak, maak dit makliker.”

Van die gunstelingstalletjies was die motorwrak waarop die seuns hul frustrasies kon uithaal. Daar was ook die gholfstalletjie waar die Affies moes kyk wie die verste hou kon slaan. Ruan Breet in matriek dink dít was 'n uitstekende idee, “gholf én kompetisie – Affie-seuns se twee gunstelingaktiwiteite”.



Philip van Eck, Aldrich Eloff, Christiaan Estehuysen en Markus Booysen was deel van die groep wat Affie-slaapbroeke verkoop het en hulle moes bontstaan om die rye en rye geesdriftige kopers te help. Dié groep het ook uiteindelik die grootste wins gemaak.

Virtuele wêreldreis in die Geografieklass

Die graad 10-seuns het verlede kwartaal groot opwinding beleef toe hulle in me. Leneldi van Jaarsveld se Geografieklass op 'n virtuele reis kon gaan. Hulle het van die maatskappy Class-VR se virtuele realiteitsbrille gebruik gemaak en kon die teorie van hul handboeke oor verskillende lande, geologiese prosesse en klimaatstreke eerste-hands beleef, sonder om 'n voet uit die klas te sit.

Volgens me. Van Jaarsveld moes sy met haar rekenaar op 'n portaal gaan en dan die gekose materiaal op die vier brille laai. Die seuns kon almal die beeldmateriaal op die skerm in die klas volg, maar het dan beurt gemaak (en natuurlik regverdig tyd gehou) om dit deur die brille te beskou.

Vulkane, 'n duikuitstappie in die Maldives, 'n besoek aan die Vatikaanstad en selfs 'n wandeling deur 'n reënwood in die Amazone is maar 'n paar van die ervarings wat hulle gehad het. Volgens me. Van Jaarsveld was die ervaring vir die seuns baie opwindend. “Dié tegnologie kan die aard van klasgee in die toekoms totaal verander – veral natuurlik in vakke wat 'n baie praktiese toepassing het.”

Jong skrywers se werke in *Poort*

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het onlangs die name van die beste jong skrywers van 2021 bekendgemaak wat vanjaar in *Poort* verskyn. Hulle is Simon van der Merwe, Christian Nykamp, Markus Nel, Marco Arndt en Joshuan du Toit.

Talentvolle Affies in provinsiale orkeste

Riaan Boer (graad 12, tromboon), Hendré Botha (graad 12, tuba), Andries Coetzer (graad 10, viool), Gerhard du Preez (graad 10, viool) en Ben van Zyl (graad 12, perkussie) verteenwoordig Affies vanjaar in Simfonia Juventi. Die dirigent van die orkes is mnr. Eddie Clayton.

Die Gauteng Skole Jeugsimfonieorkeste is onder die vaandel van die Gauteng Onderwysdepartement gestig en agt Affies is as lede gekies. Hulle is Rutger Enslin (graad 11, altviool), Mauritz Coetzer (graad 10), Mikael Wiese (graad 12, perkussie), Ruben Janse van Rensburg (graad 11, perkussie), Andries Coetzer (graad 10, viool), Petrus van der Westhuyzen (graad 8, viool), Joshua van Zijl (graad 10, klarinet) en Len Muller (graad 9, klarinet)

Die kwartaal was lank en die **eksamen rof!**



24 STAPPERS TROTSEER NAT MAGOEBASKLOOF

Clayton Booysen

Ná twee jaar van "Covid-droogte" kon Affies se avonturiers weer tydens die vakansie 'n staproete aanpak.

Die geesdrigtige groep het vanjaar die Magoebaskloof-roete gestap en het vele avonture beleef en óók 'n paar hindernisse oorkom.

Volgens mnr. Tekkies Barkhuizen was die terrein besonder uitdagend vanweë die reën en koue en een van die stappers het op dag een 'n ligament geskeur en moes deur sy makkers na die eerste oornaght gedra word. 'n "Verdwaal-skrik" en 'n bussie wat vasgesit het, het ook tot die drama van die uitstappie bygedra, maar uiteindelik was almal dit eens – dit was 'n avontuur soos min!



Van links na regs of voor tot agter: Enslin Harmse, Xander Leeb, Andreas Burger, Willie Grobler, Christiaan Combrinck en Rohan Grobbelaar. Mnr. Barkhuizen dek die agterhoede.



In **pouse** by Affies kan jy...



...eet, gesels en jou foon "check",



inval by die stormloop na 1920,



sokker speel,



of dalk aan 'n handjietenniskampioenskap deelneem.

Wie sê so?

Henko Brits

ONDERWYSERS

- ▶ Me. Erika Swanepoel: "Môôôôre manne, ek het die naweek weer..."
- ▶ Me. Elise Ferreira: "Hartlike goeiemôre manne! Wat is die belangrikste element op die periodieke tabel? Fe ☺"
- ▶ Mnr. Karel Stander: "Morning Ladies! Always nice to smell you on this fine morning"
- ▶ Mnr. Tekkies Barkhuizen: "Moenie my eyeball nie!" en "Loop mannetjies!" of "Jy is eintlik 'n oraaait ou."
- ▶ Me. Gene van Wyk: "Good morning, Dearies!" en "Luckily we have a lovely double today/tomorrow."
- ▶ Mnr. Wian van Staden: "Dis 'n plesier hoor!" en "Jammer ek onderbreek julle met my swak maniere." of "Hallo maatjies!"

SEUNS

- ▶ Wat doen Meneer hierdie naweek?
- ▶ Hoe was Juffrou se naweek?
- ▶ Tel hierdie vir punte?
- ▶ Kan ons nie maar 'n aperiode kry nie?
- ▶ Dit was nou 'n goeie periode.
- ▶ Wat is Meneer se "prediction" vir die Witbulle vir die naweek?

Ook die personeel verloor soms die "plot"...



Musikante wen magdom trofeë

Marco Arndt

Die musikmanne het vanjaar behoorlik skoonskip gemaak by die Pretoria Eisteddfod en het met 'n magdom toekennings weggestap.

In die hout-en koper-blaasafdeling het hulle 'n volle

14 trofeë gewen. Gerno Strydom (trompet) en Rohan Grobbelaar (saxofoon) is onderskeidelik aangewys as algehele wenner vir die afdelings vir koperblaas- en houtblaasinstrumente. Die talentvolle groep het ook

33 A++-sertifikate verwerf en het 15 item-wenners opgelewer.

Die perkussie-spelers het ook nie op húl laat wag nie en het 13 trofeë verower. Die trofee vir die beste junior is deur Jooste Steynberg gewen

en Ben van Zyl is aangewys as die algehele wenner.

Volgens me. Roelien Holland-Müter was die beoordelaars vanjaar besonder beïndruk met die Affie-leerders. Hulle het uit die totale hoeveelheid van

42 trofeë wat gewen kon word, 28 verower.

Ook die koor en orkeste het uitstekend gevaar. Die Rooidasse het as die kategoriewenner van die seunskoor-afdeling weggestap en wen met hulle A++ die

Algehele Beste Koortitel. Drie Affie-orkeste wen ook trofeë in hulle onderskeie afdelings. Die Konsertorkes, Swing-ensemble en Stryk-orkes was kategoriewenners met die Konsertorkes as die algehele wenner.



'n Groep trotse wenners met hul sertifikate en trofeë.



Affies se Konsertorkes onder leiding van mnr. Floris Smith


Hokkaai, Harry Styles! Die Herfskonsert is waar die wáre talent lê

Gil Hood

Die musiekdepartement se Herfskonsert het in Mei plaasgevind en dit was weer 'n aand waar leerders uit alle grade hul talent op 'n wye verskeidenheid instrumente en in meer as 20 items ten toon gestel het. Daar was iets vir elke smaak.

Vanjaar was daar selfs 'n graad 8-musiekleerder, Mornay Greyling, wat orrel as vak neem. Nóg 'n interessante item was 'n verwerking van Vivaldi se concerto vir twee viole in a mineur wat deur Ben van Zyl (graad 12) op marimba, Gerhard du Preez (graad 10) op viool en me. Engeli le Roux op klavier uitgevoer is.

Die Herfskonsert het ons weer daaraan herinner dat by Affies nie nét die volgende AB nie, maar dalk ook die volgende jong Mozart net om die hoek is.



Gladdebekke kry jê by ATKV

Janco Botes

Sestien Affies het aan die Nasionale ATKV Redenaarskompetisie semifinaal by Die Hoërskool Menlopark deelgeneem. Uit daardie sestien het tien Affies die toptien in Gauteng gehaal.

Die top vier seuns het na die landsfinaal deurgedring. Katleho Molakeng (graad 12), wat eerste gekom het, Mpumi Rakudu (graad 10), Josh Robertson (graad 9), en Alexander Kirstensen (graad 8), sal Affies in Augustus verder verteenwoordig.



KULTUUR STAAN PLEK VOL BY INTERSKOLE!

Marco Arndt



Die Affie-koor het soos altyd groot aftrek gekry.

Afgesien van die kore en orkeste wat soos in die verlede 'n opwindende konsert gehou het, het vanjaar se interskool-byeenkoms (derby) teen Grey Kollege ook weer 'n debatskompetisie ingesluit.

Die debat is in 'n "Dink-of-sink"-formaat aangebied en hoewel daar beoordelaars was, was dit 'n vriendskaplike kompetisie en geen wenskool is aangewys nie.

Nie minder nie as 15 groepe van die twee skole het Vrydagaand by die interskolekonsert oopgetree – ná die droogte van Covid-19 'n groot

lekkerte vir al die toeskouers in die stampvol Potgietersaal. Marcel Herselman (graad 12) sê hy is dankbaar dat hulle weer die jaar se harde werk kon wys

aan die mense wat dit waardeer. "Die kultuuraand was 'n belewenis en ek dink al die deelnemers kan baie trots wees."



Grey Kollege se boereorkes was een van 15 groepe wat oopgetree het.

oud-stroomoppers woeker met hul talente

Groot beurs vir Jonty

Jonty Bleeker (matriek 2021) het die vise-kanselierstoekening van die Universiteit van die Witwatersrand ontvang vir sy goeie matriekuitslae en daarmee saam ook 'n beurs wat die volle ses jaar van sy mediese studie dek. Slegs tien leerders uit 5 700 nuwe eerstejaars het dié eer te beurt geval. Jonty was in 2020 en 2021 in die *Stroom-op*-redaksie.



AHS en AHMP het drie uit die tien kanselierstoekennings ontvang. Hier is Jonty saam met Juanika Peasly en Emilia Janse van Rensburg (albei van AHMP) met hul toekennings. Al drie is mediese studente.

Jacobus in Stellenbosch bedrywig as orkesdirigent

Die Universiteit van Stellenbosch se simfonie-orkes het einde April ná die Covid-ontwrigting van die afgelope jaar of twee onder die leiding van student-dirigent Jacobus de Jager (matriek 2015) 'n terugkeer na die verhoog gemaak. Jacobus was *Stroom-op*-redakteur in sy matriekjaar en het vier jaar in die redaksie gedien. Die konsert was in die Endler en die orkes



het werke van Poulenc, Rimsky-Korsakov en Dvořák uitgevoer.

Dylan nou redaksielid van Die Matie



Foto: Lincé de Klerk

Dylan moet as redaksielid van *Die Matie* spring om by die streng spertye te hou.

Dylan Lee (redaksielid van 2017 tot 2020 en 'n voormalige redakteur) hou sy lyf steeds joernalis en is nou 'n volbloedredaksielid van *Die Matie*, die Universiteit van Stellenbosch se bekende studentekoerant.

Dylan sê sy nuwe "werk" as joernalis is beslis moeiliker as in sy dae as *Stroom-op*-redaksielid. "Toe ek tydens my eerste redaksievergadering op 'n Maandag aanbied om 'n berig oor die taalbeleid by die Universiteit te doen, het ek gedink ek het lank tyd om te skryf (soos by *Stroom-op*), maar toe hoor ek ek moet, ten spyte van die groot klomp navorsing wat oor dié netelige kwessie gedoen moet word, steeds die finale berig voor die einde van die week ingee. Dit was rof, maar ek moes maar deurdruk," lag hy.

PJ Braveheart wys sy slag

Altus Weiman



'n Groep matrieks het na saal vinnig gespring vir 'n foto saam met PJ Vivier en sy klasmaat AB de Villiers, wat ook op sy beurt tydens die saalbyeenkoms 'n baie inspirerende boodskap aan die seuns gebring het.

Oud-Affie-hoofman, PJ Vivier, was in sy matriekjaar in 2002 die eerste Affie wat die skool met die Braveheart-toespraak begeester het. Die Vrydag voor die Grey-interkole het dié jaargroep hul twintigjaar-reünie gehou en hy het

die 2022-Affies tydens die saalbyeenkoms op sy weergawe van dié tradisie trakteer.

Vir die grootste deel van die skool was dit loshande die beste saalbyeenkoms tot dusver vanjaar en almal het hoendervleis gehad.

Wernich Barkhuizen, wat vanjaar die Braveheart-toespraak doen, sê dit was inspirerend om die eerste "Braveheart" in aksie te sien. "Ek hoop dié tradisie gaan nog lánk voortleef!"

Affies se 100/100-broers

Clayton Booysen



Wat het die matrieks van 2020 en die matrieks van 2022 in gemeen? 'n Bepaalde syfer ...

In 2020 het Affies se matrieks die skool se 100ste bestaansjaar beleef, terwyl vanjaar se graad 12's Affies se 100ste matriekgroep is! Die Afrikaanse Hoërskool het ná sy ontstaan in 1920 sy eerste matriekgroep in 1922 opgelewer.

Stroom-Op het op

die spoor geloop van vanjaar se matrieks wat in 2020 broers in Affies gehad het. Dean Stearn, Enslin Harmse en Benjamin Moll is enkele voorbeelde van dié wat deel is van Affies se 100ste matriekgroep (2022), terwyl Brandon Stearn, Strauss Harmse en Joshua Moll deel was van Affies se 100-jaar matrieks (2020).

Stroom-Op het net één vraag gehad: Wat is jou gunsteling-

herinnering aan jou broer hier op Affies?

Volgens Enslin was dit geesvang. "My broer sou my altyd met water natgooi." Benjamin se antwoord is IT. "Joshua het altyd my take vir my gedoen," en volgens Dean was dit waterpolo: "Brandon het my altyd probeer verdrink".

Op 'n ernstiger noot, is een van Affies se geïmpliseerde waardes juis

broederskap.

Dit manifesteer in omgee, ondersteuning en loyaliteit, veral wanneer dit moeilik is.

In die geval van Dean, Benjamin en Enslin kan hulle verhouding met hulle broers in die volgende aanhaling opgesom word: "I smile because you're my brother... I laugh because there's nothing you can do about it."

Oud-Affie op 96 nog hups



Affies het in Mei besoek van Dux Truter (matriek in 1944) ontvang. Op 94 is hy een van die skool se oudste lewende oudleerlinge. Hy was tot in graad 10 in die intermediaêre skool (junior hoërskool,

net tot graad 10) in Morgenzon, waar sy pa onderwyser was. Omdat hy graag Universiteit toe wou gaan, is hy in sy graad 11-jaar as koshuisleerling Affies toe en het sy deel op die

tennisbaan en die rugbyveld gedoen. Hy was vir baie jare 'n patenteprokureur in Johannesburg.



Hy woon tans in 'n aftreeoord in Pretoria en geniet goeie gesondheid. Hier staan hy by sy matriekklasfoto en ook by sy kleinseun, Ruben Truter (matriek 2019).

Jannes Kirsten (matriek 2011) is aan die begin van Junie as die Britse klubrugbyspan Exeter Chiefs se Manspeler van die Jaar aangewys.



WITBULLE ONOORWONNE OP WILDEKLAWER

Andru van Zyl

Op 29 April het 'n vuurwarm Witbulspan met baie selfvertroue op Diamantveld Hoërskool se A-rugbyveld uitgedraf nadat hulle die vorige naweek vir Paarl Gimnasium 29-26 geklop het. Hul ABSA Wildeklawer-toernooi het afgeskop teen die Hoër Landbouskool Oakdale. Die manne van Riversdal was egter nie heeltemal voorbereid vir 'n klipharde Witbulspan in die Kimberly-naglug nie. Die wedstryd was die hoofwedstryd van die dag en het geëindig met 'n telling van 25-7. Dieter Schubert is hier, vir die eerste van twee kere by die toernooi as man van die wedstryd aangewys. Hy het met hierdie prestasie 'n tablet gewen.

Maandagmiddag, slegs 'n bietjie meer as twee dae ná hul wedstryd teen Oakdale, het die Witbulle vir Glenwood High School van Durban die stryd aangesê en as oorwinnaars weggedraf nadat Karl van der Westhuisen en Dieter Schubert, agtste man vir daardie

wedstryd, albei twee drieë agter hul naam gesit het.

Behalwe vir die Witbulle wat uitstekend presteer het, het die o/14A-, o/15A- en o/16A-span ook aan die toernooi deelgeneem en teen dieselfde twee skole as die Witbulle gespeel. Vir dié spanne was die toernooi 'n fantastiese ervaring aangesien dit hul eerste Wildeklawer toernooi was. Die spelers in hierdie juniorspanne het 'n 'oordosis' rugby gekyk en het op die dae wat hul nie wedstryde gespeel het nie ook ondersteun by die toernooi se netbal-afdeling. Alhoewel hierdie langnaweek nie 'n vakansie was nie, het die spelers dit net soveel geniet.

Die toer het vir Affies geen terugslae ingehou nie en met elke span wat ál hulle wedstryde gewen het en dalk 'n bietjie te veel by Spur geëet het, was die ABSA Wildeklawertoernooi van 2022 definitief 'n reusesukses.



Foto: Siegfried Schubert

Armand Shahia druk 'n drie terwyl Hanro Venter toekyk.

Die *dirigente* toe darem terug op die Plaas!

Andru van Zyl



4 Junie ... Die matrieks sal hierdie datum vir 'n lang tyd baie goed onthou. Dit was die dag waarop die Witbulle hulle laaste wedstryd in 2022 op hul tuisveld gespeel het. Affies en Menlopark het mekaar baie lank laas die

stryd aangesê en daarom was daar groot afwagting oor vanjaar se kragmeting.

Ná 'n tydelike skorsing van die dirigente was daar baie opgewondenheid oor hul terugkeer. Dalk 'n bietjie té veel opgewondenheid.

Voor die wedstryd was daar 'n behoorlike gegiggel nadat Heinrich Davel en Juan Schoeman mekaar dalk 'n bietjie te hard gedruk het. Daar was egter duidelik heelwat tevrede onderwysers te siene.



Fietsryers tans bo-aan die punteleer

Die fietsryers het die afgelope kwartaal weer aan drie skolereekse deelgeneem – die Gauteng-Noord Skolereeks, die Cycle Lab MTB High School-reeks en die King Price Trailseeker Marathonreeks. Ná twee rondtes in dié reekse, beklee Affies se fietsryspan die eerste plek in die seunsafdeling en derde

plek in die algehele skole-afdeling. Die fietsryers het ook in Mei maand tydens die interskole teen Grey Kollege hul staal gewys en ná 'n baie modderige wedren as wenners uit die stryd getree. Op die foto links onder is Xavier Olivier in graad 10 na dié kragmeting.



Affies speel weer teen buurskole

Hoërskool Garsfontein se eerste span het vanjaar geskiedenis gemaak toe hulle op 9 April vir die eerste keer in dié skool se geskiedenis vir Affies kon klop. Garsies het die knoop met 'n enkele punt deurgehaak – die eindtelling van hierdie spannende wedstryd was 20-19. Koos Venter van *Rekord* het die volgende oor hierdie wedstryd gesê: "Die klassieke aard van Saterdag se wedstryd en die invloed wat dit het op skolerugby oor die algemeen het, het bewys dat 'n jaarlikse derby tussen Affies en Garsfontein 'n móët is op die skolerugby-

kalender."

Garsfontein se tweedes het ook as wenners met 'n telling van 26-19 van die veld gestap. Affies se onderouderspanne het egter skoonskip gemaak: 16A (29-12), 15A (46-5), 14A (38-0), 16B (45-0), 15B (59-0), 14B (64-0) en 14G wen 54-0 teen Garsfontein se 14C-span. Affies se sesde span het 0-10 teen Garsfontein se derdes verloor en die agtste span 0-10 teen die opponent se vierdes.

Die Witbulle se wedstryd teen Menlopark op 4 Junie het stadig begin en ná 27 minute het Affies teruggedraf vir die afskop met

reeds 6 punte teen hulle. Halftyd was die telling 0-6. Dit was eers in die 39ste minuut wat die Witbulle vir die eerste keer voorgeloopt het. Die aanmoediging van Parkies op die pawiljoen het geen vrugte afgewerp nie, want die Witbulle het vinnig twee keer punte aangeteken om die eindtelling 21-6 te maak. Al die ander spanne wat gespeel het, het ook hul wedstryde gewen.

Die Parkie-span was waardige opponente wat vir 'n spannende wedstryd gesorg het. Hopelik sal die wit- en die blou-span mekaar weer volgende jaar die stryd aansê.



Foto: Billy Brown

Tiaan de Wet in die wedstryd teen Die Hoërskool Menlopark

AFFIE-GHOLF PALM TWEE TOERNOOIE IN

Heinrich Immelman



Affies se gholfspelers het die afgelope tyd weer behoorlik gewys wat in hulle steek.

Tydens die April-skoolvakansie neem die eerste en tweede span aan die Affie-gholtoernooi deel. Na afloop van hierdie toernooi eindig ons tweede span saam met Michaelhouse in die negende plek. Ons eerste span speel in die finaal teen Kearsney College en stap uiteindelik weg as die kampioen.

Op 18 April speel ons eerste en tweede span op die Dienste Gholfbaan in die Gauteng Noord Gholfkampioenskap. Met die weer wat sake so effe gekortwiek het, het ons tweede span in die derde plek geëindig en ons eerste span behaal 'n welverdiende tweede plek. Met hierdie prestasie het ons eerste span gekwalifiseer om Gauteng-Noord in Augustus by die SA Skole-finaal te verteenwoordig.

Die Woodlands Junior Masters Toernooi is ook verlede kwartaal oor drie dae en drie rondtes volgens die Stableford-formaat beslis. Vyftien skole se eerste spanne het deelgeneem en Affies se eerste en tweede spanne het ingeskryf. Die eerste span eindig derde en die tweede span in die agtste plek. Nog 'n man wat sterm dik maak, is Stefan Jacobs (graad 12) wat op 4 Mei die Nedbank Junior Challenge-titel ingepalm het. Hierdie toernooi is oor drie rondtes op die Gary Player-baan by Sun City beslis. Tydens die Affie interne kampioenskap tree hy ook as wenner uit die stryd met 'n telling van 66 – ses onder baansyfer. Op die foto is die Samuel Jones (foto bo) besig om te set tydens die Affie-kampioenskap.

Tennis speel wyd en syd

Henko Brits

Die tennisspanne van Affies het tydens die afgelope kwartaal klipharde wedstryde gespeel. Van liga- en opedagwedstryde, tot twee derbies teen van hul grootste "vyande", Paarl Gimnasium en Grey Kollege.

Tydens die Paarl Gimnasium-naweek, het die eerste span fantastiese tennis opgedis en 7-2 teen die opponente van die Boland gewen.

Vir die junior-spanne was daar ligawedstryde teen Hoërskole Garsfontein, Waterkloof, Menlopark, Midstream en Eldoraïne. Die seniors het ook met Garsfontein, Boys High, Noordheuwel, Menlopark en Oos-Moot kragte gemeet.

In die junior-afdeling het die A-span, die A1-liga gewen, terwyl die B-span tweede eindig. Die C-span het die bronsmedalje in die A2-liga gekry, terwyl die D-span met die loue in die B2-liga wegstap. Die E-span by die juniors eindig vierde in B2 en die F-span eindig derde in die C1-liga.

By die seniors het die vierde-span die B2-liga gewen. Die derdes wen die A2-liga, terwyl die tweede en die eerste span onderskeidelik vyfde en vierde in die A1-liga eindig.

Tydens die interskole teen Paarl Gim op 23 April wen die eerste span 7-2.



Bernard Janse van Vuuren

Tydens 'n nat én koue naweek teen die Vrystaters het die weer die grootste sê oor die naweek se tennis gehad. Ongelukkig is ons nie op 'n Grand Slam-baan waar die hoofbaan se dak toemaak as die hemele oopmaak nie en Vrydag se wedstryde het uitgereg. Saterdag het die dag se verrigtinge laat afgeskop, maar daar is mooi tennis deur albei skole opgelewer. Die o/15A-span het goeie tennis gespeel, maar moes met 5-3 die knie buig voor hul eweknieë. Die eerste span het 'n veel moeiliker taak op hul hande gehad en trap lelik klei op die hardebaan-oppervlak. Grey Kollege wen 9-0.

Die naweek van 28 April tot 1 Mei, het die Witsnare aan die Kearsney-toernooi deelgeneem. Hulle verloor 8-1 teen Grey Kollege, wen PBHS 9-0, wen die gasheer 7-22 en verloor 9-0 teen Paul Roos. Hulle eindig vierde in dié toernooi.

Tafeltennis wen in drie ligas

Heinrich Immelman

Affie-tafeltennis beleef 'n bloeitydperk.

Die skool het vir die eerste keer in 'n lang tyd in drie ligas deelgeneem en die eerste, tweede en derde span tree almal as winners uit die stryd.

Nóg 'n hoogtepunt was die kragmeting teen Grey Kollege. "Alhoewel ons baie versigtig vir hulle was, het dit gou geblyk dat ons die oorhand sou kry en ons wen gemaklik met 42-8," sê me. Erika Swanepoel (organiseerder).



Die vierde span het in Mei teen Hoërskool Gerrit Maritz se eerste span gespeel en 26-4 gewen.

Slim skuiwe by Skaak

Altus Weiman



Wessels Grobler en Ryan McPhail



Hechter Ferreira en Jacques Mouton gereed om die eerste skuif te maak by die Grey-toernooi

Affies het vanjaar heelwat skaakspelers gehad en daar was veral groot entoesiasme onder die graad agts en neges.

Die Gauteng Skole Individuele Skaakkampioenskap het in Junie in Pretoria plaasgevind en twee o/15-skaakspelers het gekwalifiseer om deel te neem.

Daar het altesaam 103 seuns van regoor Gauteng in die o/15-afdeling meegeding. Ryan McPhail (graad 8) eindig 18e en Wessels Grobler (graad 9) 25e.

Ryan het ook die geleentheid gekry om van 2 tot 6 Julie vir die Gauteng-span aan die National School Sport Championship in

Kaapstad deel te neem. Dié span het 'n tweede plek behaal.

Die o/15A- sowel as die o/17A-span het eerste geëindig in hul groepe van die D4-skaakliga.

Volgens Jacques Mouton kry die Affie-spelers baie goeie afrigting, wat beslis in die uitslae weer-speël word.

HOKKIEMANNE LANDSWYD IN AKSIE

Henko Brits

Hierdie hokkieseisoen is definitief een om te onthou. Die Affie-manne het hul staal gewys op astro's in Pretoria, Johannesburg, Durban en selfs in die Kaap.

Die eerste wedstryd het op 16 Maart plaasgevind teen Cornwall Hill College. Affies wen vyf wedstryde, verloor een en speel in een wedstryd gelykop. Slegs 'n paar dae later neem die o/14A's, o/16A's en die Witstokke aan die Northern Beker by Boys High deel. Die o/14's eindig in die tweede plek in hul ouderdomsgroep, die o/16A's sesde en die Witstokke trap klein teen die gasheer en eindig vierde in die toernooi. Die o/15A-span het aan 'n o/16-toernooi by Die Hoërskool Menlopark deelgeneem en stap by hierdie toernooi met die bronsmedalje weg.

Tydens die Maart-vakansie het die o/14A's na Kearsney in Kwa-

Zulu-Natal gereis en die o/14B-span volg hulle, maar neem by Northwood deel. Die o/16A's en die eerste span neem by Rondebosch Boys' High en SACS onderskeidelik aan die Founders-toernooi deel en die tweede span verteenwoordig die skool by die Eldo Festival by Hoërskool Eldoraigne.

In 'n besige kwartaal twee, speel 'n groot deel van die spanne teen St Stithians van Johannesburg. Die derby teen Garsfontein vind plaas en wedstryde teen Eldoraigne, Overkruin en Hatfield Christian School, maak menige man se Woensdagmiddae vol.

Paarl Gimnasium kom kuier op 22 April in Pretoria. Die Witstokke speel 'n klipharde wedstryd en eindig gelykop 1-1. Andersins wen Affies 8 van die 9 wedstryde teen Gim, met die



Foto: Bill Gie

Adriaan van Niekerk in die wedstryd teen Paarl Gimnasium

o/14A en B-spanne wat amok saai en hul eweknieë druipstert terugstuur Paarl toe met tellings van 6-1 en 5-0 onderskeidelik.

Tydens Mei is wedstryde teen Zwartkop, Sutherland, St Alban's College, Parktown Boys, Centurion en Jeppe Boys' High gespeel en

tussen-in het die groot vyande van anderkant die Vaalrivier ook hier kom kuier. Die Witstokke moes ongelukkig 3-1 die knie buig teen Grey Kollege. Die tweedes en derdes speel albei 1-1 gelykop en die vierdes wen 2-0. In die o/16-groep kraai Affies koning en al die

spanne (A,C en D) wys die Bloemfonteiners hoe om doele aan te teken. Die o/14A-span wen 1-0 in 'n naelbytwedstryd.

Die kwartaal eindig met wedstryde teen Menlopark. Affies maak skoon-skip met 18 doele vir en slegs een doel teen hulle.



Interskole teen Paarl en Grey sorg vir drama

Adriaan Nel



Foto: Ronel vd Westhuizen

Erick Jooste rank in die lynstaan in die wedstryd teen Paarl Gimnasium.

Die naweek van 22 tot 24 April het Paarl Gim die lang vlug na die Hoëveld onderneem en in massas hier opgedaag, reg vir die titaniese stryd wat voorê. Daar is op verskeie gebiede meegeding. Die hoogtepunt van die naweek op Boereplaas was om 14:00, met die Witbulle wat Paarl Gim se eerste span die stryd aangesê het.

Die Witbulle het aan die begin harde bene gekou met die telbord op 10-26, maar het ongelooflike Affie-guts gewys en teruggeveg om met 29-26 te seëvier. Respek is egter die wenner van die naweek, met die goeie gees wat heers tussen hierdie twee topkole.

Volgende op die lys was die kragmeting teen

Grey, wat soos altyd vir groot opwinding gesorg het. Die Witbulle het in 'n naelbytwedstryd moedig teruggeveg om die halftyd-agterstand teen Grey van 5-29 na 24-29 te verminder, maar die wedstryd eindig uiteindelik 43-24 in Grey Kollege se guns. Affies wen egter 18 van die 26 wedstryde op dié dag.



Swetterjoel Affies vanjaar Blou Bulle

Adriaan Nel

Nie minder nie as sewe Witbulle was vanjaar in die Cravenweekspan. Hulle is Stéhan Heymans (kaptein), Steyn Truter, Hanro Venter, Zack Maritz, Ewan van Heerden, Dieter Schubert en Risima Sambo. Mnr. Jaco Koch (afrigter van die Witbulle) was boonop die hoofafrigter van dié span.

Andreas Burger en Armand Shahia was op hulle beurt deel van die Blou Bulle O/18-Akademieweek, met mnr. Ryno van der Merwe (Affies se hoof van

rugby) as die hoofafrigter daar. FC van Rooyen en Michael de Lange was in die Blou Bulle o/17-span.

Ook by die Grant Khomo Blou Bulle o/16-spanne het dit van die Affies gewemel. JJ Koekemoer, Ruan Smuts, Ethan van Wyk, Muntingh Hamman, Juan Voster, Ruan Lippoldt (onderkaptein), Malan Graham, Ruben Pienaar, Janco Purchase (kaptein) en Theuns Maritz het almal die afgelope vakansie hul buiging vir dié span gemaak, met mnr. Niell Jacobs as afrigter.

Christiaan Potgieter, Ruben Potgieter, JD Hattling, Bothlale Mathabele, Hendré Schoeman en Egan Roux is in die Noordvaal Blou Bulle o/16A-span opgeneem en Azzy Layman, Lamond Baadjies en Neo Westebelaar in die B-span.



Dieter Schubert, Ewan van Heerden, Risima Sambo, Stéhan Heymans, Zack Maritz, Hanro Venter, Steyn Truter en Jaco Koch (afrigter) vóór hul vertrek na die Cravenweek by Rondebosch Boys' High.

Provinsiale hokkiespelers

'n Groot groep hokkiespelers het tydens die vakansie hul buiging in provinsiale spanne gemaak. By die o/14-seuns is Wium van Niekerk en Daniel Murray vir die A-span gekies en Gawie de Kock en Eben Uys vir die B-span. Owen McMenemy en Guihom Mouton het op hulle beurt vir die o/16B-span gespeel. Thato Mamogale is in die o/18A-span opgeneem en Louw du Preez en Wimpie Pohlman in die o/18B-span.

